No. R. 2053 14 September 1984

BEMARKINGSWET, 1968 (WET 59 VAN 1968)

SAGTEVRUGTESKEMA.—AANSOEKE OM PERMITTE

Ek, Jacob Johannes Greyling Wentzel, Minister van Landbou, maak hierby kragtens artikel 79 (c) van die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), bekend dat—

(1) die Sagtevrugteraad bedoel in artikel 6 van die Sagtevrugteskema gepubliseer by Proklamasie R. 220, 1979, soos gewysig, kragtens artikel 49 (2) van genoemde Skema met my goedkeuring die vasstelling in die Bylae gedoen het; en

(2) bedoelde vasstelling op datum van publikasie hiervan in werking tree.

J. J. G. WENTZEL, Minister van Landbou.

BYLAE

*Woordomskrywing*

1. In hierdie Bylae het enige woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Skema geheg is, daardie betekenis, en beteken "die Skema" die Sagtevrugteskema gepubliseer by Proklamasie R. 220, 1979, soos gewysig.

*Maand waarin aansoeke oorweeg sal word*

2. Aansoeke om permitte in artikel 49 (1) van die Skema bedoel, vir die uitvoer van sagtevrugte uit die Republiek na Botswana, Malawi, Mozambique, Zambia, Zimbabwe en die Shaba-provinsie van Zaïre, sal gedurende die maand Oktober van elke kalenderjaar deur die Raad oorweeg word.

*Laaste datum vir aanvaarding van aansoeke*

3. (1) Die laaste datum waarop 'n aansoek in klousule 2 bedoel, vir oorweging gedurende Oktober van 'n bepaalde kalenderjaar aanvaar sal word, is 30 September van die betrokke kalenderjaar.

(2) Die oorweging van 'n aansoek wat na die datum in subklousule (1) bedoel, ontvang word, sal tot Oktober van die eersvolgende kalenderjaar uitgestel word.

*Indiening van aansoeke*

4. 'n Aansoek in klousule 2 bedoel, moet—

(a) skriftelik op 'n vorm gedoen word wat vir die doel op aanvraag van die Raad verkrygbaar is;

(b) deur die persoon wat die betrokke permit verlang, onderteken word; en

(c) by die Sekretaris van die Raad ingedien word sodat dit hom voor of op die laaste dag in klousule 3 (1) bedoel, bereik.

No. R. 2053 14 September 1984

MARKETING ACT, 1968 (ACT 59 OF 1968)

DECIDUOUS FRUIT SCHEME.—APPLICATIONS FOR PERMITS

I, Jacob Johannes Greyling Wentzel, Minister of Agriculture, hereby make known under section 79 (c) of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968), that—

(1) the Deciduous Fruit Board referred to in section 6 of the Deciduous Fruit Scheme published by Proclamation R. 220, 1979, as amended, has under section 49 (2) of the said Scheme with my approval made the fixation in the Schedule; and

(2) the said fixation comes into operation on date of publication hereof.

J. J. G. WENTZEL, Minister of Agriculture.

SCHEDULE

*Definitions*

1. In this Schedule any word or expression to which a meaing has been assigned in the Scheme shall have that meaning, and "the Scheme" means the Deciduous Fruit Scheme published by Proclamation R. 220, 1979, as amended.

*Month during which applications will be considered*

2. Applications for permits referred to in section 49 (1) of the Scheme, for the exportation from the Republic of deciduous fruit to Botswana, Malawi, Mozambique, Zambia, Zimbabwe and the Shaba Province of Zaïre, will be considered by the Board during October of each calendar year.

*Last date for acceptance of applications*

3. (1) The last date on which an application referred to in clause 2 will be accepted for consideration during October of a particular calendar year shall be 30 September of the calendar year concerned.

(2) The consideration of an application which is received after the date referred to in subclause (1) shall be postponed until October of the next ensuing calendar year.

*Submission of applications*

4. An application referred to in clause 2 shall—

(a) be in writing on a form which is available on request from the Board for this purpose;

(b) be signed by the person requiring the permit concerned; and

(c) be submitted to the Secretary of the Board so as to reach him on or before the last date referred to in clause 3 (1).

## DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN -BEMARKING

No. R. 2054 14 September 1984

WET OP MISSTOWWE, VEEVOEDSEL, LANDBOUMIDDELS EN VEEMIDDELS, 1947 (WET 36 VAN 1947)

UITSLUITING VAN SEKERE VEEVOEDSELS VAN DIE TOEPASSING VAN SEKERE BEPALINGS VAN DIE WET

Ek, Jacob Johannes Greyling Wentzel, Minister van Landbou, handelende kragtens artikel 13 van die Wet op Misstowwe, Veevoesel, Landboumiddels en Veemiddels, 1947 (Wet 36 van 1947), sluit hierby, met ingang van 1 Oktober 1984, alle ongemengde veevoedsel afkomstig van mielieprodukte, behalwe mieliekiemmeel (gepers of geekstraheer) en mieliegluten, uit van die toepassing van artikels 7, 9, 10 en 16 van vermelde Wet.

J. J. G. WENTZEL, Minister van Landbou.

## DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS AND MARKETING

No. R. 2054 14 September 1984

FERTILIZERS, FARM FEEDS, AGRICULTURAL REMEDIES AND STOCK REMEDIES ACT, 1947 (ACT 36 OF 1947)

EXCLUSION OF CERTAIN FARM FEEDS FROM THE OPERATION OF CERTAIN PROVISIONS OF THE ACT

I, Jacob Johannes Greyling Wentzel, Minister of Agriculture, acting under section 13 of the Fertilizers, Farm Feeds, Agricultural Remedies and Stock Remedies Act, 1947 (Act 36 of 1947), hereby exclude all unmixed farm feeds originating from maize products, except maize germ meal (expelled or solvent extracted) and maize gluten, from the operation of sections 7, 9, 10 and 16 of the said Act with effect from 1 October 1984.

J. J. G. WENTZEL, Minister of Agriculture.